TABOK

TABOK TRUST (Reg. no. ITrust 8787/03)

TABOK BLOEDSKENKERSDATABASIS EN TABOK MEDIESE KLINIEKE

Tabok Trust het gedurende 2005 navorsing begin doen en daarna begin onderhandel met die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddienste (SANBD) oor 'n eie struktuur om GENOEGSAME VEILIGE BLOED te help voorsien. Hierdie inisiatief het na 4 jaar op niks uitgeloop nie en het Tabok Trust met sy eie inisiatief begin ten opsigte van 'n eie kliniekestelsel, ledebloedskenkersdatabasis en ledebloedbank.

1. VEILIGE BLOED
   Veilige bloed word slegs verkry deur gereelde skenkers wat drie tot vier skenkings per jaar maak en wie se bloed elke keer getoets en veilig verklaar is.

2. BEHOEFTES VIR EIE KLINIEKE
   Die behoefte aan eie klinieke het ontstaan uit twee tendense naamlik:
   2.1 Baie Afrikaners het die afgelope drie jaar opgehou bloed skenk as gevolg van die politieke omstredenheid rondom bloedskenking. Omdat blankes vir sowat 86% van alle bloedskenkings verantwoordelik is, het dit 'n ingrypende effek op die beskikbaarheid van bloed. Vanweë die konstante styging in bevolkingsgroei en die groei van getalle in VIGS-pasiënte wat anti-retrovirale middels (ARM) gebruik, het die beskikbaarheid van veilige bloed krisisafmetings aangeneem.
   2.2 SANBD moes vanweë hierdie verminderde skenkings begin om van hulle klinieke op die platteland te sluit. Hierdie stap bring mee dat skenkers wat nog wil skenk nie meer kans sien om na naburige dorpe te ry net vir skenkings nie. Dit het verder meegebring dat baie van ons minder gegoede skenkers ook minder toegang tot plaaslike klinieke het en gevolglik het die aantal skenkings drasties begin daal.

3. TABOK KLINIEKE
   Tabok het gevolglik besluit om te kyk na enkelvoudige mediese klinieke waar 'n gekwalifiseerde suster saam met tussentydse mediese praktisyns plaaslik aan Taboklede aandag kan gee. Om hierdie rede is besluit om hierdie klinieke ook as bloedskenkingsklinieke te bedryf. Twee proefklinieke word beoog te Kleinfontein, Oos van Pretoria en Lyttelton, Suid van Pretoria

   Sodra hierdie klinieke sinvol en suksesvol bedryf word, sal die konsep na elke dorp en plaaslike gemeenskap uitgebrei word mits dit deur die gemeenskap ondersteun word.

   Om 'n kliniek suksesvol te bedryf, moet die kliniek 300 eenhede bloed per maand skenk. Dit beteken dat daar sowat 1,200 skenkers geregistreer sal moet word om dit volhoubaar te maak omdat een persoon slegs elke drie of vier maande bloed mag skenk.

4. TOEGANG
   Toegang tot hierdie klinieke en deelname aan Tabok se Bloedskenkerdatabasis is direk gekoppel aan die TABOK LIDMAATSKAP en die toegangsmaatreëls is soos volg:
   4.1 Elke Taboklid word outomaties gekoppel aan die Tabok Klinieksisteem vir solank hy/sy die lidmaatskappremie van R62.70 per maand (BTW ingesluit) in stand hou tensy hy/sy spesifiek versoek om nie deel te word van die stelsel nie. By kansellasie van lidmaatskap word deelname outomaties opgeskort.
   4.2 Minderjarige- en skoolgaande kinders word onder die ouers se dekking kosteloos ingesluit. Vanweë die omvang van voordele en omdat die lidmaatskapkaart 'n debiet MasterCard met eie bankrekening insluit, kan enige lid, ongeag ouderdom, sy/haar eie kaart verkry. Die lidmaatskapkostes beloop deurgaans R62.70 per maand (BTW ingesluit). Hierdie is dus 'n unieke debietkaart met baie ander voordele daaraan gekoppel.
   4.3 Studente en jong werkende persone moet afsonderlik aansoek doen om lidmaatkap teen R62.70 maandlikse premie (BTW ingesluit).
   4.4 Ouers met hulle afhanklike kinders en elke jong persoon word outomaties deel van TABOK se Bloedskenkerdatabasis. 'n Lid se besonderhede met sy/haar bloedgroep word in 'n spesiale vertroulike databassis verwerk en het kostelose toegang tot die voordele wat die Kliniekdienste bied asook die Bloedskenkerdatabasis se voordele wanneer dit in bedryf is.

5. VOORDELE

Daar is verskeie voordele verbonde aan die Tabok stelsel naamlik:

5.1 Alle Tabok ledeskenkings word op unieke basis gesertifiseer en aan spesifieke lid gekoppel waarna dit dan landswyd by ten minste 51 verspreidingspunte beskikbaar gestel sal word. Die bloed is dan aan almal wat lid van die sisteem is, beskikbaar en Taboklede mag vra vir sodanige bloed indien benodig. Die groot uitdaging is dus om genoegsame veilige bloed by al 51 verspreidingspunte beskikbaar te stel.

5.2 Alle Taboklede en hulle afhanklikes het outomaties toegang tot die Bloedskenkerdatabasis. Wanneer sodanige lede bloed vir 'n operasie of enige ander doel benodig en indien genoegsame tyd beskikbaar is, kan 'n lid of sy afhanklikes deur middel van die beskikbare databasis 'n direkte versoek rig tot ander gereelde Tabokbloedskenkers om vir hulle bloed te skenk. Hierdie voordeel is onmiddellik beskikbaar binne beide die Direkteskenkingsmodel (DIRECT UNIT) of die Selfskenkmodel (AUTOLOGONUD UNIT) Slegs GELDIGE TABOKLEDE kan dus kan aanspraak maak op medelede se skenkings deur Tabok se skakelsentrum te kontak in terme van die DATABASIS wat saamgestel is.

5.3 TABOK onderhandel tans om die produkte en dienste uit te brei na Bloedplaatjies (APHERESIS-MEGA PLATALETS), Naelstringbloed (STEM-CELL-CORDBLOOD), Rooibloedselle (RED CELLS-VARIOUS) Vars Plasma (FFP-FRESH FROZEN PLASMA)

Hierdie produkte/dienste is belangrik vir die behandeling van die verskillende soorte kanker asook bloed- en ander siektes. Taboklede sal outomaties hierdie voordele geniet soos wat dit mettertyd ontwikkel en beskikbaar gestel word.

6. KOSTES

Kostes per eenheid sal teen tariewe beloop soos wat dit nodig mag blyk om bloed te versamel, te verwerk, op te gaar en beskikbaar te stel. Hierdie kostes sal betaalbaar wees deur die lid se Mediese Fonds en/of direk by gebrek aan enige mediese bystand.

7. LIDMAATSKAP

TABOK LIDMAATSKAP is beperk tot ingeskrewe lede wie se premies ten volle betaal en op datum is. Lidmaatskap is verder beperk tot die AFRIKANER-geledere op basis van hulle Etniesiteit, Kultuuridentiteit, Afrikaanse Taalgebruik en Godsdienstige identifikasie as 'n minderheidsgroep in Suid Afrika op grond van bepalings van Artikels 31(1) en 235 van die GRONDWET van die RSA, gelees saam met die INTERNASIONALE BEPALINGS van die REGTE VAN ETNIESE-, KULTURELE-, TAAL- en GODSDIENSTIGE MINDERHEDE binne die INTERNASIONALE REG.

8. BESKIKBAARHEID van DIENSTE

Die TABOK kliniekdienste en bloedbank is in terme van die volgende kategorieë beskikbaar:

8.1 Direkte toegang aan TABOKLEDE binne die TABOKLIDMAATSKAPSTRUKTUUR.

8.2 Nooddienste aan NIE-LEDE wat verantwoordelik sal wees vir die normale betaling van dienste gelewer.

LOUIS SMUTS
VOORSITTER TABOK TRUST

AANSOEK OM LIDMAATSKAP

Ek,

Volle naam;.....

ID ;.....

Adres;.....

Tel No .....Faks No.....E-pos.....

het die Inligtingstuk aangaande die TABOKBLOEDSKENKERDATABAISIS gelees en verstaan die inhoud daarvan. Ek wil graag inskakel by die stelsel wanneer dit in bedryf gestel is.

Ek is tans (merk met 'n kruisie waar van toepassing):

1. 'n Gereelde skenker ..... (1X; 2X; 3X; 4X p/j)
2. Het geskenk, maar het opgehou .....
3. Het nog nooit geskenk nie .....
4. Ek wil graag by Tabok Klinieke skenk .....
5. Ek wil nie skenk nie, maar wil steeds in die databasis deel .....

Hiermee gee ek toestemming dat my persoonlike besonderhede in die vertroulike TABOK BLOEDSKENKERDATABASIS opgeneem en aangewend mag word.

My Bloedgroepklasifikasie is: .....

Handtekening:..... Datum:..... Lidnommer:.....

Lid self D/M/J (Kantoor)